

---

---

# HB 10:19-22 : LAAT ONS TOT GOD NADER

No. E81

---

---

Terwyl die Hebreërskrywer reeds etlike kere kortliks na die praktiese implikasies van sy lering verwys het (bv. 4:14-16), begin hy vanaf 10:19 met sy volwaardige toepassing.

Voordat hy in v.22 met direkte opdragte begin, bevestig hy in 10:19-21 net eers sy basis deur die voorafgaande lering kernagtig saam te vat. Hierheen het sy hele betoog gevoer en gaan dit uiteindelik.

Dit gaan nie net in die Hebreërboek hieroor nie; in 'n sin gaan dit in die hele Bybel hieroor. Daarna moet ons nou eers kyk.

## DIE OU TESTAMENTIESE AGTERGROND

□ Die Eerste Gebod gaan oor die *Wie* van ons aanbidting: ons moet die regte God aanbid! Maar dis nie al nie. Ons moet Hom ook op die *regte manier* aanbid. En daaroor handel die Tweede Gebod: oor die *hoe* van ons aanbidting.

God is Gees en wil in gees aanbid word - vanuit die innerlike mens, in opregtheid en in geloof.<sup>1</sup>

Die Tweede Gebod (Eks 20:4-6; Deut 5:8-10) verbied die gebruik van allerlei hulpmiddels wat die noodsaak van aanbidting in gees en geloof onnodig maak. Dit verbied die inskuif van sintuiglik-waarneembare dinge tussen mens en God; dinge wat 'n direkte - noem dit maar, *oop* verhouding - met Hom verdring; dinge waarmee die mens in sy

---

1. In Jh 4:21-24 bedoel Jesus nie in die eerste instansie met "aanbidting in gees" (OAV; NIV; ESV) aanbidting "deur die (Heilige) Gees" (NAV) nie, maar opregte hartsaanbidting.

tyd-ruimtelike gebondenheid makliker mee kan identifiseer - dinge waarmee die natuurlike mens homself mee kan bluf dat hy die ware God aanbid.

En as die Tweede Gebod dit negatief stel, stel die Here Jesus presies dieselfde beginsel positief in Jh 4:21-24: "God is Gees; en die wat Hom aanbid moet in gees en waarheid aanbid" (v.24, OAV).

□ Die vraag ontstaan nou onvermydelik waarom die Here dan soveel uiterlike seremonies tydens die Ou Verbond ingestel het?

God se volk was destyds soos kinders, en Hy het hulle as sodanig gehanteer. 'n Kind funksioneer grootliks op sy sintuie, eerder as volgens rasonale en logiese denke (daarom spreek prentjies so tot hom). Ou Testamentiese seremonies was soos prentjies. Dit het die essensiële waarhede oor God en Sy verlossingsplan aan hulle gekommunikeer.

Paulus verduidelik dit in Galasiërs.

Die seremoniële wette was soos 'n kinderoppasser wat tot en met die koms van Christus Israel moes bewaar van heidens-godsdienslike idees en praktyke (3:23-25).

Waarom het God hulle nie al destyds volwasse gemaak nie? Waarom moes daar so lank gewag word? Was die saligheid dan nie van die begin af deur die geloof nie? Inderdaad! Dis dan hoe Abraham gered is (3:6). Toe die seremoniële Wet 430 jaar later gegee is (3:17), het God nie bedoel dat die saligheid van toe af op 'n ander manier verkry moes word nie (3:21-22). Hierdie Wet is egter vanwee die sonde, die gebrokenheid en onvermoë van die mens gegee (3:19). As sodanig moes dit 'n hulpmiddel vir hulle geloof wees.

Hoe lank moes dit voortduur? Tot en met die koms van Christus, in die volheid van die tyd. Want dis aan Hóm, as die Saad van Abraham, wat die belofte van die nasies as erfdeel gegee is (3:16).

Toe Christus se versoeningswerk afgehandel is, kon die Heilige Gees gestuur word (Hd 2:33). En dis Hý wat die Godsvolk bo die vlak van kinders uitlig - wat hulle mondig maak, sodat hulle nie meer prentjies nodig het nie. Presies dit is Paulus se punt

in Gl 4:1-7: Gelowiges is sedert die vervulling van die beloftes volwasse en het gevolglik nie meer die oppasser (die seremoniële wette) nodig nie.

*En dis hiërdie werk van die Gees wat gelowiges nou toerus om God in gees te aanbid, dus vanuit 'n opregte hart en in geloof.*

□ God het van die begin af geen behae in seremonies, sondermeer, gehad nie. Reeds in die Ou Testament sê Hy dit meer as een keer (Jes 1:11, 14; Amos 5:21).

Nodig soos dit inderdaad is, put die argitek van 'n pragtige gebou geen vreugde uit die steierwerk tydens konstruksie nie. Hy wag ongeduldig vir die dag as dit finaal gesloop word en sy pragstuk in al sy glorie kan pryk. Net so het God geen finale behae gehad in die steierwerk van Ou Testamentiese seremonies nie.

Lees byvoorbeeld Jer 3:14-19. Die Verbondsark was die middelpunt van die Seremoniële Wet - die simbool van God se heerlike teenwoordigheid onder Sy volk. Maar hier lees ons van God se verlange (v.19) na die dag dat Sy volk nie langer met simbole, selfs die heiligste van simbole, méér behep sal wees as met Hom nie. Nee, Hy wil Sy volk as "seun" hê, en hulle oorspoel met die lieflikste van erfenisse. En bowenal, Hy wil "Vader" genoem word deur mense wat deur absoluut niks van Hom af weggeelok kan word nie (vgl. Gal 4:6-7!).

## DIE KROON VAN NUWE TESTAMENTIESE VOORREGTE

□ Die Hebreërskrywer het presies verstaan waarom dit gaan. Reeds in 4:14-16 skets hy die kroon van Nuwe Testamentiese voorregte. Dis waarheen God van die begin af met Sy volk oppad is! En uiteindelik het die dag aangebreek!

Wat het die deurbraak bewerkstellig? Wie het dit moontlik gemaak? *Ons het 'n groot Hoëpriester wat deur die hemele deurgegaan het! Dis Hý wat die pad vir ons oopgemaak het om met vrymoedigheid voor die genadetroon te verskyn!*

❑ Vanaf 5:1 word die idee van hierdie volmaakte Hoëpriesterskap dan uitgewerk. Algaande beskryf die skrywer die ontwikkelingsgang van God se plan om deur die middelaarswerk van Christus vir Homself ware aanbidders daar te stel.

❑ Uiteindelik bring dit ons by hoofstuk 10.

Christus het goed verstaan waarom Hy na die wêreld toe moes kom. Die Ou Testamentiese offerdiens was alles uiterlik en voorlopig - en nie naastenby wat die Vader regtig wou hê nie. Nee, Hy wou Sy Seun se liggaam as offer hê! (10:5-10).

Hierdie offer was die eens en vir altyd afgehandelde fondament vir die vervolmaking van God se plan. Nou sou God se innerlike herskeppingswerk in Sy gunsgenote 'n werklikheid kon word - dit waaroor Jer 31 profeteer (10:12-18).

❑ Die onmiddellik daaropvolgende verse is nou glashelder: "Terwyl ons dan ... vrymoedigheid het om in die heiligdom in te gaan deur die bloed van Jesus op die nuwe en lewende weg wat Hy vir ons ingewy het, deur die voorhangsel heen, dit is Sy vlees, en ons 'n groot Priester oor die huis van God het, *laat ons toetree* ..." (10:19-22, OAV).

❑ Die ryk betekenis van die skeur van die voorhangsel (10:20) tydens die kruisiging (Mt 27:50-53; Mk 15:37-38), is nou glashelder.

Hierdie eeue-oue simbool van die mens se uitsluiting uit die allerheiligste, skeur aan flarde as die heel laaste Offer sterf - *omdat die volmaakte en finale Hoëpriester dwarsdeur dit loop!* Nooit, tot in ewigheid sal dit weer opgehang word nie. Seremoniële aanbidding - uiterlike en tydelik - is finaal iets van die verlede!

Meer nog. Dit skeur *van bo na onder* (Mt 27:51; Mk 15:38). *Dis die Vader - jubelend en triomfantelik - wat dit skeur!* Niks kan meer die opstanding en die hemelvaart en die uitstorting van die Heilige Gees verhoed nie. Na eeue kan God se kinders nou mondig word. *Binne weke sal hulle Hom in gees en waarheid aanbid!*

❑ Die grootsheid van hierdie saak kan nie oorbeklemtoon word nie.

Duidelik soos daglig is dit waarom bloot uiterlike godsdiens en seremonies so afstootlik vir God is. Vormgodsdiens verag die Vader se ewige begeerte en plan, dit misken die afgehandelde werk van Christus, dit beledig die Heilige Gees, dit vertrap ons onbeskryflik heerlike erfenis in Christus.

Kan kerse en togas en kruise en wierook God behaag? 'n Bloot meganiese liturgie (laat dit teologies so suiwer wees soos dit wil)? Simplistiese en sentimentele koortjies wat oor en oor gesing word ter wille van atmosfeer en emosies?

❑ Kan jy sien watter vreugde dit vir die Vader is as Sy kinders in hulle binnekamers, en veral in die gemeente, Hom in gees en waarheid aanbid - begripvol en opreg in die vryheid en volheid van hulle Nuwe Testamentiese erfenis? Sien jy waarom sulke aanbidding een van die tien pilare van die ware godsdiens is - en waarom die nalating daarvan so 'n vernietigende effek op die kerk het?

### HEBREËRS 10:22 NADER BEKYK

❑ "Laat ons tot God nader." Die Grieks beklemtoon die herhaalde en gebruiklike doen hiervan.

Wat beteken dit om tot God te nader? Volgens v.19 beteken dit "om in die heiligdom in te gaan". Dit is waar God is, waar Hy in Sy heiligheid woon. Meer spesifiek is dit om "na die troon van genade" te gaan (4:14-16). Dis waar die Vader Sy onverdiende guns aan Sy kinders uitdeel.

Dit gaan hier oor gebed, oor aanbidding.

En dit berus op Jesus Christus se volmaakte Hoëpriesterskap. Daarom is die pad oop - "die nuwe en lewende weg". Nie meer kan net die Levitiese hoëpriester eenmaal per jaar ingaan nie, maar elkeen in Christus - enige tyd, weer en weer, met die allergrootste vrymoedigheid!

❑ Hoe moet ons tot God nader? Die skrywer sê dit vir ons aan die hand van 4 frases.

- Die ware aanbidder het 'n *opregte hart*. Hy of sy is eerlik en sonder huigelagtigheid, skyn of selfbedrog.

- Die ware aanbidder nader die troon *in volle geloofsekerheid* - met 'n onwankelbare vertroue in die volkomenheid van Christus se middelaarswerk.

- Die ware aanbidder *het nie meer 'n skuldige gewete nie*. Hy het sy sondevergifenis in die geloof omhels. Hy verstaan die gronde daarvoor.

- Die ware aanbidder *se liggaam is gewas met skoon water*. Feitlik vir seker gaan dit hier oor die waterdoop. Hy weet dus nie net dat hy vergewe is nie, hy het dit ook openlik en formeel bely volgens die Here se voorskrif.

Ware gebed en aanbidding is om nederig en afhanklik en afwagterig, in vrymoedige geloof, met my lof, dankbaarheid, behoeftes en voorbidding na my hemelse Vader in Sy heiligdom te gaan - in die wete dat ek met die Middelaar van die genadeverbond verenig is, en dat Sý verdienste die enigste en genoegsame grond vir hierdie voorreg is.

### Nico van der Walt

---

Antipas Gereformeerde Baptiste Gemeente (Pretoria): 8-07-07  
Posbus 12371, Queenswood, 0121  
T: (012) 329 3012; 082 7766 141  
E: nico.vanderwalt@reformed.org.za  
www.reformed.org.za www.sola5.org

---

- Daar word weekliks 'n preek soos hierdie wêreldwyd per e-pos gestuur aan meer as 'n duisend mense wat dit aangevra het.
  - Geen kopiereg. Dupliseer gerus. Of stuur elektronies verder.
  - E-preke vantevore uitgestuur, is te kry op bg. webwerf.
  - Preekopnames: [nunide@absamail.co.za](mailto:nunide@absamail.co.za); T: 012-8083 906
  - Graag stuur ons 'n bekendstelling aan diegene wie se name u vir ons mag aanstuur, maar plaas mense net op ons adreslys as hulle dit dan sêlf versoek.
-